# ELDI

**Eldoraigne Aftreelandgoed / Retirement Estate**

**UITGAWE/ISSUE 5: Augustus 2026** Digitaal geverifieer

SOETMELKSVLEI ... 2
KERMISTYD ... 3
EETGOED ... 4
TEST-IMONY ... 5
MENS OF ENGEL ... 6
UIT DIE KANTOOR ... 7-10
ENEMY IN A BOTTLE ... 11
SPREEK LEWE ... 12
DIE LAND BRAND ... 13
LIQUORICE ... 14
ELDI SPRINGTIME ... 15
DEURE WAT PRAAT ... 16



Onthou jy die **opgewondenheid** tydens ons laerskooldae oor die eerste Saterdag in **September**? Getooi in ons nuwe lente-rokkies het ons angstig vir die verskyning van die vlotte [opge-doiliede lorries] gewag.

Ons het nou weer rede om opgewonde te wees – oor 12 September se **LENTEKERMIS**! Lees daaroor op bladsy 3.

ELDI het ook gaan navors oor mense se idee van die **lewe hierná**. Dit word dikwels gevoed deur ’n mengsel van populêre kultuur, vertroosting en tradisionele godsdienstige beskouings.

“Ouma kyk mos daar van bo af...”

Op bladsy 6 gaan jy ontdek waarom veral hierdie **drie sienings** redelik algemeen voorkom: [1] Na jou dood word jy ’n *engel*. [2] Jy kan dan van *bo* af sien. [3] Die hemel is êrens *daarbo*.



# SOET HET BITTER GEWORD

"Toe Pa, bid gou, dis amper Soetmelksvlei."

Vanaf die laat 1950's is daar ná aandete vinnig draadloos toe gewikkel. Gekuier saam met alledaagse mense met alledaagse waardes.

Sonder dat dit jou bloeddruk opjaag of dat jy wil naar word van konflik, verneukery, misdaad en chaotiese taalgebruik [swak strukture, onnodige leenwoorde en 'n skreeuende gebrek aan taalsorg] wat deesdae opgedis word.

Hulle noem dit die *reëls van moderne drama*. Reël nommer een: Konflik is Koning. Geen konflik, geen storie.

In 'ons tyd' kon 'n hele episode draai om 'n verlore resep, 'n buurman wat kom kuier, of 'n ligte misverstand tussen man en vrou.

Vandag word skrywers gedwing om die kyker se 'aandag te behou'. [Asof dit nie tóé ook gebeur het nie.] As karakters te lank gelukkig is, verloor die gehoor glo belangstelling. Aggressie en negatiewe verhoudings skep intensiteit wat kykers laat wonder wat môre gaan gebeur. [Asof ons nie ook gewonder het nie.]

Die wêreld van die Du Plooys was 'n geïdealiseerde, plattelandse Suid-Afrika. Rustig. Geïsoleerd van vandag se harde realiteite.

Nou is als meer kompleks, sê hulle. Stresvol en aggressief. Sepies moet gesinsgeweld, finansiële bedrog, rassekwessies en sosiale druk uitbeeld. So gooi dit 'ligte vermaak' in die asblik.

Ons het blykbaar stadiger kwaad geword. Vandag moet verhoudings vinnig breek, karakters mekaar skielik haat, als net om die storie te dryf [*plot-driven* eerder as *character-driven*].

Hulle noem dit Sensasielus. Negatiewe emosies wat glo sterker reaksie uitlok. Slegsê, verraai of skinder, het 'skokwaarde'. 'n Beweging dus weg van stories met 'hart' na stories met skop.

Dalk met so iets in gedagte dat Jesaja in ongeveer 740 v.C. skryf: 'Ellende wag vir dié wat bitter soet noem en soet bitter' [Jes 5:20].

## LENTEKERMIS/MARK- & FAMILIEDAG

Die winter se rug is amper gebreek, en dit beteken:




### KERMIS en FAMILIEKUIERTYD!

Op **Saterdag, 12 September,** 09h00 tot 13h00 pak ons elke oop hoekie en gaatjie propvol pret en kuier – van die eetsaal tot die klubhuis!

**Bring almal wat jy ken** – familie, vriende en jou hele nageslag – om deel van die opwinding te wees.

**Kom geniet** liplekker bederfies, soos die onweerstaanbare kermispannekoeke, geurige kerrie-en-rys, regte basaarpoeding, koek, tert en natuurlik heerlike drinkgoed.

**Snuister lekker rond** tussen unieke stalletjies met houtwerk, juweliersware, handgemaakte skatte, skilderye en plante.

**JOU stalletjie: Maak seker jy b**espreek-en-betaal betyds by die vriendelike dames by Ontvangs. Vir navrae, klop gerus daar aan.

## SPRING FETE/MARKET & FAMILY DAY

On **Saturday, 12 September** from 09:00 to 13:00, we are packing every nook and cranny full of fun and socializing – from the dining hall to the clubhouse!

**Bring everyone you know** – family, friends, and your entire lineage – to be part of the excitement.

**Come and enjoy** mouth-watering treats, such as the irresistible fete pancakes, flavourful curry and rice, rich puddings, and of course, delicious cake and coffee.

**Enjoy browsing around** among unique stalls featuring woodwork, jewellery, handmade treasures, paintings, and plants.

**YOUR stall:** Make sure to book-and-pay in good time with the friendly ladies at Reception. For inquiries, just pop in there.



# WAT BY DIE MOND INGAAN

## DRIEMINUTE KOEK
[k: koppie; t: teelepel]

Meng 1 k meel, ½ k suiker, ½ t bakpoeier en ½ t sout.
Klits 1 eier in ’n koppie en vul tot driekwart met melk.
Voeg dit by die meelmengsel, saam met ¼ k olie en 1 t vanielje. Bak in ’n roomysbak [ongesmeerd] vir drie minute op hoog in die mikrogolf.
[Toets; te lank kan te droog wees.]

**Oorskiet-eiergele:**
Gooi water of kookolie oor en bewaar in yskas vir maksimun drie dae.

**Oorskiet-eierwitte:**
Bêre in lugdigte houer in yskas. Hou ±10 dae.

**Versiersel te slap:**
Voeg bietjie bakpoeier of maizena by.

## SOUSERIGE EIER [*Shakshuka*]

Braai een ui, voeg drie/vier gesnyde tamaties by. Geur na smaak [Onthou ook ‘n bietjie suiker!]
As als lekker souserig is, voeg vier eiers by. Verlaag hitte , bedek pan en kook tot eierwit gestol, maar gele nog bietjie loperig.



**FOUT of FEIT**

**DROP** [sinoniem aan liquorice]
is ’n akroniem vir:

*Dark Roasted Oil Pellets*
*Digestive Recovery Organic Pastilles*
*Dense Resin Oil Byproduct*
*Dried Ration Ooze Portions*

[Die antwoord kruip elders in hierdie uitgawe weg!]



# THE TESTIMONY




You probably have heard the ‘parable of the price tags’ by Søren Kierkegaard. Someone broke into a jewellery store and switched all the price tags. Worthless costume jewellery became incredibly expensive, while real diamonds cost next to nothing.

In his popular book, *Who Switched The Price Tags*, Tony Campolo related a sermon his pastor delivered to a group of students.

“Children,” he said, ”one of these days, they're going to take you out to the cemetery, drop you in a hole, throw some dirt on your face, and go back to the church and eat potato salad.

“When you were born, you alone were crying and everybody else was happy. The important question I want to ask is this: When you die, are you alone going to be happy, leaving everybody else crying? The answer depends on whether you live to get *titles* or to get *testimonies*.

“When they lay you in the grave, are people going to stand around reciting the **fancy titles** you earned, or will they be giving testimonies of the **good things** you did for them?

“Too many people in this world spend their entire lives chasing after titles. They want to be the President, the Vice President, the CEO, the Chairman, or the Director. They collect certificates to hang on their walls and degrees to put after their names. They think these things give them value.

“But someone has switched the price tags on us. We have been conditioned to believe that these cheap, temporary honours are precious, while the things that truly matter—faith, family, relationships, and loving others—are treated as inconsequential.”

A successful life is measured by the legacy of love and service you leave in people's hearts, not by the business card you leave on your desk.





# DIE ANDER DIMENSIE

"Ouma sê ŉ mens kan jou vlerke se kleur kies as jy ŉ engel is. Sy sal gaan vir burgundy."

Die 'engelgeloof' is waarskynlik ŉ vorm van kompensasie – as troos dat ŉ geliefde steeds op ŉ manier teenwoordig is en bewus is van jou doen en late.

Engele is egter nie alsiende of alomteenwoordig nie. Hulle is geestelike wesens, lank voor die mens geskep, met ŉ vrye wil, krag en intelligensie. 'Engel' is afgelei van *angelos* [Gieks] wat 'boodskapper' beteken.

In sy boek *Die Eerste 5 Minute Na Die Dood***,** belig dr. Isak Burger vanuit ŉ Bybelse perspektief ses basiese beginsels in dié verband.

**Skeiding van liggaam en gees:** Met die dood verlaat die onsterflike gees en siel die aardse 'tent' en beweeg na ŉ ander dimensie.

**Geen 'sieleslaap':** Die dood is nie die einde van bewustheid nie. ŉ Mens verkeer ná die dood in ŉ staat van bewuste eksistensie met dieselfde persoonlikheid. Hy kan dink, onthou, en ervaar. Daar is dus ŉ moontlikheid dat gelowiges mekaar sal herken.

**Twee bestemmings:** Ná die dood vind ŉ onomkeerbare skeiding plaas gebaseer op die mens se verhouding met God: vir die gelowige bring dit verligting, vrede en ŉ bewustheid van Christus [ook na verwys as die Paradys] voor die finale opstanding. Vir die ongelowige is dit ŉ bewuswording van verlies, angs en skeiding van God [tussentoestand van die doderyk].

**Begelei deur engele:** Burger verwys na die verhaal van die ryk man en Lasarus [Lukas 16] waar die gees van die gelowige deur engele begelei word. Dit kan ŉ troos wees vir die wat vrees vir die eensaamheid van die dood.

**Keuses is vir ewig:** Die deurlopende beginsel is dat die 'eerste vyf minute' bepaal word deur keuses wat voor die dood gemaak is. Daar is geen tweede kans of 'vagevuur' waar sake reggestel kan word nie.

[So, waar is die hemel? Wag vir Eldi 6.]

50+ Welcome

CSi Sales Rentals Property Management
Trustworthy Property Solutions

*Are you looking to*

# BUY OR RENT
# AT ELDORAIGNE RETIREMENT ESTATE?

Hi there, we're Walbert & Ruan! We're property practitioners specialising in helping people find their ideal retirement homes at **Eldoraigne Retirement Estate.**



**RENTALS:**
WALBERT DUVENHAGE



**SALES:**
RUAN ERASMUS



## 2 BED, 1 BATH
## SIMPLEX FOR SALE

**R1795 000**

Lovely property featuring 2 bedrooms, 1 full bathroom, comfortable living area, patio, neat garden, single garage and carport—this is a must see property!

SCAN TO VIEW **PROPERTY**

### Features

- 2 Bedrooms
- 1 Bathrooms
- Single Garage
- Modern Kitchen
- Covered Patio
- Neat Garden



## 1 BED, 1 BATH
## APARTMENT TO LET

FROM **R8900PM**

Well-maintained apartment featuring 1 bedroom, 1 bathroom, a comfortable living area, well-appointed kitchen, and single carport—offering practical, easy living in excellent condition.

SCAN TO VIEW **PROPERTY**

### Features

- 1 Bedroom
- 1 Bathroom
- Single Carport
- Open-Plan Living
- Cozy Living Area
- Neat Kitchen



## 2 BED, 1 BATH
## SIMPLEX TO LET

FROM **R12500PM**

Beautiful 2-bedroom, 1-bathroom simplex with spacious living area, patio, neat garden, single garage and carport—offering practical, easy living in excellent condition.

SCAN TO VIEW **PROPERTY**

### Features

- 2 Bedrooms
- 1 Bathroom
- Single Carport
- Single Garage
- Comfortable Living Area
- Neat Kitchen

*Contact us today!* **060 018 7679**

# ONS LANDGOED BREI UIT!
# SO LYK DIE NUWE WERFLOKAAL














# NUWE INTREKKERS

## DIE HEV HEET ALMAL HARTLIK WELKOM!

Eenheid 56 Cornelia Hoek
Eenheid 155 Carrol Pelser
Eenheid 1007 Avryll Olivier
Eenheid 1117 Attie en Hannietjie Botha
Eenheid 1201 Rita Boshoff
Eenheid 1208 Andre en Nora Taljaard

Kontak asb. die vriendelike dames by ontvangs vir enige navraag.

---

# IN LOVING MEMORY

## CONDOLENCES FROM THE HOA TO THE FAMILIES

Unit 135: Jamnadas Lala – deceased 06 June 2026
Unit 219: Blackie Swart – deceased away 07 June 2026
Unit 224: Rhona Mynhardt – deceased 03 June 2026
Unit 1105: Mathilda Krause – deceased 15 June 2026
Unit 1223: At Gricius – deceased 14 June 2026
Unit 1308: Dirkie Henning – deceased 25 June 2026
Unit 1231: Johannes Oppel – deceased 27 June 2026




## ELDORAIGNE AFTREELANDGOED KERMIS 2026

Neem asb. kennis dat die kermis vir 2026 beplan is vir 12 September 2026. Besprekings vir die tafels vir inwoners open 01 Julie. Vir nie-inwoners maak die besprekings 01 Augustus oop. Vir enige verdere navrae, kontak asb. ontvangs.



★ ★ ★ ★ ★

# OUTSTANDING CLIENT FEEDBACK

*From Duncan & Colleen Watson*

**A rare combination of empathy and intuition.**
Sets Michelle apart, particularly when clients are navigating emotionally difficult times such as grief and loss. She listens attentively, reads situations quickly, and brings genuine compassion to every interaction, making clients feel understood and supported throughout the process.

**Dedication, attention to detail and tireless work ethic.**
Her attention to detail and tireless work ethic are matched by her willingness to go the extra mile for clients facing physical or mental health challenges. When dealing with my wife, who is in a fragile condition, Michelle responded with patience, sensitivity, and quiet strength.

**Intuitive, wise and deeply understanding.**
Michelle senses moods and unspoken emotions quickly. She trusts her inner feelings and uses her intuition, along with practical expertise, to make wise choices in deeply emotional situations.

**Generous with her time, sympathy and support.**
She gives easily — her time, her sympathy, and her endless attention to detail and hard work. No journey is too far. No help or support is too difficult if her client is disadvantaged by physical or mental health issues.

**Strength, compassion and quiet resilience.**
Michelle does not fear that she will become drained by the needs of others. Her helpful expertise and technical skills are built on a foundation of her innate kindness which becomes one of her greatest strengths.

**A source of peace, comfort and inspiration.**
My sweet wife was treated with loving, gentle, respectful and loyal care. Michelle brought peace, comfort and inspiration during one of the most challenging times of our lives.

*She has a unique blend of softness and strength, specialized practical insights and intuition, compassion and quiet resilience. She brings added warmth simply by being herself.*
*We are greatly indebted to h her.*




## JUST PROPERTY SUMMIT

*Guiding You Home*

WITH COMPASSION, INTEGRITY & EXCELLENCE.

Over **18** properties sold in our Eldoraigne Retirement Estate in two and half years and **3** Buyer Referrals given to Nic of Chas Everitt.

### WHY CLIENTS CHOOSE MICHELLE

- Deep empathy and understanding
- Intuitive and wise decision maker
- Exceptional attention to detail
- Tireless work ethic and commitment
- Genuine care, compassion and respect
- Supportive every step of the way

*Thank you, Michelle,*
for your unwavering support, kindness and professionalism.

DUNCAN & COLLEEN WATSON
★ ★ ★ ★ ★
5-STAR RECOMMENDATION

# WOMEN’S SILENT ENEMY

Johan du Preez [Acknowledgement to *Bonitas Medical*]



Alcohol affects every organ in the body. It is addictive and, in high enough quantities, can poison you. Excessive drinking can significantly reduce your lifespan.

**It causes more damage to the female body and more quickly:** Women generally produce less alcohol dehydrogenase [the enzyme that breaks down alcohol] and have a lower total body water percentage, leading to higher blood alcohol concentrations from the same amount.

- Alcohol may cause at least seven types of cancer, including breast cancer – the most common cancer among South African women.
- Alcohol affects the chemicals in the brain, decreasing judgement and increasing impulsivity. Excessive drinking is a major factor in accidents, violence, and crime. Binge drinking is the strongest risk factor for violence against women and children in South Africa.
- Alcohol is a central nervous depressant. It may offer temporary stress relief, but over time disrupts sleep and mood – worsening anxiety and depression. South African women suffer almost double the rate of depression than men.
- Alcohol directly affects the developing foetus. It can cause a range of permanent physical, cognitive, and behavioural disabilities.
- Alcohol abuse can lead to both liver and heart disease.

**If you don’t want to stop drinking alcohol** you should reduce your risk by these measures:

- Take no more than one standard drink a day [can of beer, glass of wine, or tot of spirits].
- Avoid binge drinking [four or more drinks on any occasion].
- Eat before and during drinking. Alternate alcoholic drinks with water. Do not drink alcohol with medication.
- Avoid drinking in unsafe environments where you are vulnerable.
- Know your personal risk factors [family history of cancer, liver conditions, medication interactions].

## ‘SPREEK’ VOORSPOED en LEWE




“Vandag spreek ek dit uit dat die *herlewing* in ons land vanaf die noorde sal begin. Dat daar geen korrupsie in die *staatsdiens* sal wees nie Dat die *onderwysstelsel* hervorm sal word.”

27 Oktober 2001. Elsa Meyer by die Hadassa-vrouekonferensie in Moreletapark. [Kiepie was daar.]

25 jaar later. Kerke loop leeg [*herlewing*?]. Oor die *Staatsdiens* swyg ons soos slaggate, terwyl Siviwe van *Onderwys* spartel om asem te kry tussen die vrot visse in haar brandpoel.

Sommige mense spreek steeds ‘lewe’. Dalk het jy na ’n rugbywedstryd gekyk en gewens jy kon een van hierdie ouens kry om darem net ’n *wen* oor die bokke te spreek, newwermaaind *lewe*.

Spreuke 18:21: *Die tong het mag oor lewe en dood; dié wat lief is om te praat, sal die gevolge dra.* Die eerste frase word dan buite konteks met die tweede gebruik en die teks word uit sy poëtiese en wysheidsemantiek geruk. Die vers beteken eenvoudig net dit: Wat jy sê, kan sosiale en morele gevolge hê.

Die wortels van die idee dat woorde krag het om die realiteit te manipuleer lê in die bewegings **New Thought** en **Word of Faith.**

**New Thought** [metafisiese filosofieë oor die krag van die gees] begin laat 19de eeu in die VSA, gelei deur E.W. Kenyon. Lering: Die mens se verstand en woorde beheer geestelike energie: As jy positief dink/praat, lok jy positiewe dinge [gesondheid, rykdom] na jou. Kenyon begin in die vroeë 20ste eeu New Thought-idees meng met ortodokse Christelike terminologie, soos *positive confession*. Dit vind ’n pad na die kerk.

**Word of Faith:** Begin laat 20ste eeu in Texas. Kenneth Hagin word beskou as die vader van die beweging en bou voort op Kenyon se idees, wat lei tot die **Prosperity Gospel** [*health and wealth theology; name it and claim it; speak it into existence*].

[In Eldi 6 meer oor die reuse parallel tussen die PG en die *New Age filosofie.*]




Daar is net nie genoeg ure in die dag nie, het ons mos graag gekla. Altyd te besig. Nou is daar skielik heeltemal te veel ure om vol te maak. Die konstante druk om dinge te doen – te presteer, te kompeteer, oral op te daag, te skarrel om die kinders op plekke te kry – poef! Weg is dit. En jy's vry.

Of is jy? Is daar vryheid in kwarantyn?

Vrydag die 13de kondig die minister van basiese onderwys aan dat skole op 18 Maart 1920 sal sluit tot 15 April, die Dinsdag ná die Paasnaweek. [Toe nie! Eers 17 maande later was als weer normaal.]

Ons begin sien massas mense met trollies wat oorloop van... Toiletpapier! Weet hulle iets wat ons nie weet nie? Ongeveer dié tyd het gewapende mans in Hongkong toiletrolle ter waarde van R36 000 by 'n supermark gesteel. Vreemd. Baie vreemd.

Meer vreemde dinge begin gebeur. Ook wrede dinge. Om, soos deur die 'wet' bepaal, geen naby-kontak met jou naaste naastes te kan maak nie, lei tot ontmensliking. Mense wil selfs oorweeg om 'n blikkie sardiens in die son te sit. Hulle sê dit word binne 'n dag dodelik giftig, maar smaak steeds soos sardientjies. Oeg!

Ekonomiese geweld op 'n enorme skaal. Tabakhandel was nog altyd 'n vuil storie, maar toe word dit 'n riller, omdat sigaret-verkope onwettig word. Wat toe gebeur, is dat tabakprodusente skatryk word – hulle stoot hul produkte 'straat toe' en ontduik belasting. Met 'n paar ministers as hul vriende natuurlik.

Koerante het egter steeds verskyn. En mettertyd word ons bewus van die vlam – wat donker geheime openbaar. Hierdie vuur is egter ook besig om ons land te vernietig.

Dis waarom ek besluit het om die boek te skryf – sodat dit wat as buite-normaal, skokkend, tragies, ongemaklik of komies ervaar is, nie eendag saam met al die maskers en ontsmettingsmiddels in die asblik beland nie. [Prys: R100. Susan Fourie, no. 80]

## SMAAKLIKE STOKKIES



**Liquorice** is peulplante met 'n ryk geskiedenis. Die woord stam vanuit Grieks: *glykys* [soet] en *rhiza* [wortel] – dus *soetwortel*. Dit word meer as 50 eeue in Sjinese medisyne gebruik. In Egipte het argeoloë groot hoeveelhede dropwortel in die graf van koning Toetankamen gekry wat hom in die hiernamaals gesond moes hou.

**Aptekers** het die wortels van hierdie struik gekook tot 'n dik, swart, gekonsentreerde vloeistof of ekstrak. As dit afgekoel het, het dit in klein, gestolde bolletjies of druppels verander.

Eers in 1760 het 'n Engelse apteker, George Dunhill, suiker by die dropekstrak gevoeg en so die eerste moderne drop-lekker, *Pontefract Cakes,* geskep. [Rooi 'drop' bevat geen regte drop nie.]

Drop word wyd in industrieë gebruik:

**Drankies:** In kruietee [vir die keel], asook in bekende alkoholiese drankies soos sekere tipes sambuca, ouer formulerings van absint, en selfs as skuimmiddel in sommige donker biere [stouts].

**Skoonheidsmiddels/velsorg:** Dropekstrak is 'n gewilde bestanddeel in velsorgprodukte soos serums, om hiperpigmentasie en donker vlekke te verlig, en om ekseem te versag.

**Tabak-industrie:** Drop word wêreldwyd as 'n natuurlike geur- en bevogtingsmiddel in tabak [veral vir pype en sigarette] gebruik om die bitter smaak sagter te maak.

**Mondversorging:** In sy rou vorm as houterige stokkies, word dropwortel in baie kulture steeds gekou as 'n natuurlike tandeborsel wat slegte asem beveg en tande skoonmaak.

**Gesondheid:** Oppas vir te veel. Die aktiewe bestanddeel, glycyrrhizin, kan jou kaliumvlakke laat tuimel en bloeddruk drasties laat styg. Die FDA waarsku dat mense ouer as 40 wat twee weke lank net 50g egte drop per dag eet, hartritme stoornisse kan ontwikkel.



***DROP*** is dus 'n **druppel**; nie 'n akroniem nie!

# ELDI SPRINGTIME

[Composed for the ELDITES by an AI robot]

The winter coat is packed away,
the sun has found its strength today.
The garden wakes, the blossoms bloom,
and dust motes dance inside the room.

The birds are back with cheerful tunes,
while seniors reach for larger spoons –
for ice cream treats and afternoon tea,
out on the porch, to read ELDI.

The lawn needs mowing, so they say,
but that can wait another day.
We fight the weeds with fierce devotion,
then hunt the tubes of rubbing lotion.

We swap our boots for lighter shoes,
and read the cheerful morning news.
The neighbours wave, the children play,
while grandpas watch the hours away.

The allergies are waking too,
with every sneeze a loud '*Achoo!*'
But who cares for a sniffly nose,
when we can smell the budding rose?

We've survived the winter frost and chill,
and there is life in old bones still!
So pour a glass of something sweet,
and let the springtime warm our feet.

# WANNEER DEURE PRAAT

Stefan Oosthuizen




Daar is dinge wat diep in jou kinderjare ingeprent is. Een daarvan was ‘Don't Slam The Door’ deur Joe Allison, gesing deur Tex Ritter in 1946.

“Moenie die deur klap nie!” Gewoonlik gevolg deur nog ’n waarskuwing: “Daar is siek mense in die hospitaal.” Al was die hospitaal ver daarvandaan. Ons het grootgeword met die idee dat ’n deur sagkens toegemaak moet word – amper met respek vir mense en die huis. Tog gebeur iets snaaks soos mense ouer word. Dieselfde kinders, wat eers bang was vir ouers se frons oor ’n klappende deur, word later kampioene van deur toeslaan. Vroeg, nog voordat die voëls wakker is: BANG! Iemand het besluit die deur moet weet hy is toe. Niemand sal erken hulle slaan deure toe nie. Tog bewe die vensters telkens as die tannie by haar eenheid uitstap. Dalk nie eens kwaadwillig nie; bloot ’n gewoonte, of gehoorapparate wat nog nie aangeskakel is nie. In ons dae was deure van soliede hout of selfs swaar kiaat. Vandag se ligte deure vlieg toe soos taxi’s wat ’n rooi robot sien. Maar in alles lê daar tog ’n boodskap. ’n Sagte deur beteken: ‘Ek gaan Spar toe.’ ’n Harde deur beteken: ‘Ek het nou genoeg gehad!’

Dalk moet ons weer luister na daardie stem uit die verlede: “Moenie die deur klap nie!” Want op Eldoraigne weet ons mos - ’n sagte deur behou die vrede… en spaar die bure se senuwees.